## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## ACIM en Oggend-Seminaar

Ons hervat ACIM na die skoolvakansie
"Geskiedenis van die Bybel" — 21 Julie 2012
Bespreek by Terblanche

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van** ____________________

**E-Mail** ____________________ **Sel** ____________________

**Woonadres** ____________________

## HOE ONS MEKAAR KAN HELP

**Bediening** ____________________

**Voorstelle** ____________________

**Besoek asb** ____________________

| **Bankrekening vir bydraes**<br>**FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | **BAIE DANKIE**<br>Ons vra vir 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |
|---|---|



# Neo-Spektrum

## 1 Julie 2012

## Almagtig
## Alwetend
## Alomteenwoordig

## STILTE IN DIE KAPEL

~ THE VALLEY OF THE MOON — LISA GERRARD ~

## VERWELKOMING & AFKONDIGINGS

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

God is lig,
die alles Omvattende, alles Deurskynende Lig,
God kan nie begryp word met die verstand
of met gesproke lippe nie,
God kan net gevoel word ...
gevoel word in 'n teenwoordigheid
van 'n spirituele ervaring dat ons één is.
God is die Lewe in elke vorm van lewe.
Wat die son is vir ons sonnestelsel is Hy vir ons as planete
Wat die Oseaan is vir elke druppel is Hy vir ons as riviere
Hy weerkaats in ons gedagtes en reflekteer in die spasies tussenin
tot so 'n mate dat ons daardeur geheilig en gereinig word.

## STILTE VAN BUITE

Genesis 1:3
En God het gesê: "Laat daar lig wees!"
en daar was lig.

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

**LUKAS 17:20-21 (1933 VERTALING)**
EN toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; **want die koninkryk van God is binne-in julle**.

Ons vra so baie WAAR IS GOD? ... terwyl ons eerder moet vra WAAR IS EK?
Ons vra so dikwels WAT IS DIE WIL VAN GOD? ... terwyl ons eerder moet vra: HOEKOM DOEN EK NIE WAT EK VRA OF SÊ NIE?

**Doen wat Goed is, doen dit met Liefde en laat jou Lewe daarvan getuig**

### 1. GOD IS DOING GOOD BEAUTIFULLY

God is 'n teenwoordigheid (presence) wat ons voel en ervaar — ons wéét dit

### 2. GOD IS LOVING LOVE EXQUISITELY

God is liefde sonder voorwaardes in totale aanvaarding "Fall in love with LOVE"

### 3. GOD IS LIVING LIFE DIVINELY

#### WANT DIE KONINKRYK IS BINNE-IN JULLE

Die wil van jou tong — luister voor jy praat en praat saggies
Die wil van jou oë — wees versigtig waarna jy kyk en sien
Die wil van jou ore — ontwikkel 'n sensitiwiteit om te hoor
Die wil van jou lippe — dink voor jy iets in jou mond sit
Die wil van jou hande — laat los waaraan jy vasklou
Die wil van jou voete — stap jou eie spore en wees getrou
Die wil van jou hart — laat die liefde van God deur jou vloei

Desires are not the problem! Satisfying them is! God says: Tell me all your desires and I will fulfil them. But people don't do this. They turn to others expecting someone else to fulfil them. Expectations are another kind of desire. Expecting to be praised, or recognised, or approved of are the signs of little spiritual accomplishment. Over time, this will deplete you. Your work will turn superficial, for namesake only. And you will be distanced from the true blessings of others. God's pure desire is that we become like Him. Our only desire should now be that, too. ***(Dadi Janki: Companion with God)***

*Understand this truth, little bird, and you will soar*

*Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers (én susters) van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.*
*(Matteus 25:40)*

## FOR WHAT YOU GIVE, YOU BECOME !!

~ SHAKESPEARE'S SONNET 18 — DAVID GILMOUR ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*ek dood, ek kom by hemelse poorte, ek klop aan relings*
*ek sien petrus vroetel met bos sleutels*
*ek vra meneer god tuis? petrus mompel ek geloofsoortuigings?*
*Invul op pienk vorm drievoud*
*ek sê ek nie seker nie,*
*ek my katkisasietoets geslaag destyds in erfurthuis*
*ek trek daarna na hillbrow, ek skree in pinksterkerke*
*ek hande-in-die-lug*
*ek gooi wagtorings uit woonstel,*
*ek glo wederkoms antichris hel engele*
*ek na weskoppies, ek skisofreen, ek roomskatoliek anglikaan*
*ek studeer filosofie, ek séances, ek orals god alleen weet,*
*meneer god*
*petrus krap kop glimlag dan, sluit oop, gaan maar binne*
*god nie godsdienstig, god liefde*
*(André Letoit)*

*May my heart become my only perceiver*
*and my eyes full of light —*
*May angels' wings be lent to me,*
*that I may fly above the noise and turmoil of this world.*
*With every moment's flight*
*may something beautiful be revealed to me,*
*and become part of who I am.*

---

## AS ONS UITSTAP

~ A WHITER SHADE OF PALE — ANNIE LENNOX ~